# Les 5 KONINGSKINDERS: KONING FARAO PROBEER WYS HY IS GOD SE BAAS: HY MAAK GOD SE KINDERS SY SLAWE

## 1. Koning Farao maak die Here se koningskinders slawe

Ons gaan nou kyk na die verhaal van ’n koning wat die Here se kinders slawe gemaak het. ’n Verhaal is heeltemal iets anders as ’n storie. ’n Storie is sommer iets wat mense opmaak en vertel, maar wat nooit regtig gebeur het nie. Dit is soos “Harry Potter”, “Narnia” en “The Lord of the Rings”. Die verhaal wat ons nou na gaan kyk, het régtig gebeur.

Dit is die Bybelse verhaal van hoe koning Farao van Egipteland probeer het om te wys hy is God se baas deur van die Here se kinders, slawe te maak.

Kom ons lees die verhaal in die Bybel:

*“[8] Toe ’n nuwe koning wat nie van Josef geweet het nie, oor Egipte begin heers, [9] het hy vir sy volk gesê: “Besef julle dat die Israeliete nou meer en sterker is as ons? [10] Kom ons bedink ’n plan teen hulle sodat hulle nie kan vermeerder nie. Anders kan dit gebeur dat as daar oorlog uitbreek, hulle dalk by ons vyand aansluit om teen ons te veg en ons land te oorweldig.” [11] Daar is toe slawedrywers oor hulle aangestel om hulle met dwangarbeid te onderdruk. Hulle moes die voorraadstede Pitom en Rameses vir die farao bou. [12] Maar hoe meer die Israeliete onderdruk is, hoe meer het hulle geword en hoe meer het hulle oor die land versprei, in so ’n mate dat die Egiptenaars baie bang geword het vir hulle. [13] Die Egiptenaars het slawe gemaak van die Israeliete [14] en die lewe vir hulle bitter gemaak deur swaar werk met klei en bakstene en deur allerhande werk in die lande. Hulle moes onder dwang al die slawewerk vir Egipte doen.”* (Exodus 1)

## 2. Egipteland – die land van die Nylrivier

Egipte is die naam van ’n land. Egipteland is die land heel bo in die Noord - oostelike hoek van Afrika. Wat Egipteland so besonders maak, is die Nylrivier. Die Nylrivier begin in die middel van Afrika by die groot mere van Afrika. Hier reën dit verskriklik baie en sommer vir weke en maande lank, elke dag, aanmekaar. Ons noem dit tropiese reën. Al hierdie reën loop met strome en riviere af en kom bymekaar in een groot rivier – die Nylrivier.

Wat hierdie rivier so snaaks maak, is dat dit in hierdie nat reënwoude begin, maar dan loop dit vir 6000 kilometer deur ’n woestyn tot in die Middellandse see. Egipteland is die land waar hierdie rivier in die see in loop. So Egipteland self is ’n baie droë land, waar daar amper niks wil groei nie omdat dit amper nooit reën nie. Maar in die Nylrivier is daar altyd baie water – al reën dit nooit in Egipteland nie.

Saam met al die water spoel daar baie van die mooi grond van Afrika af, al met die Nylrivier af tot in Egipte. Hier gaan lê die grond langs die rivier omdat dit so

vlak en naby die see is. Daarom – al is Egipte in ’n woestyn waar dit amper nooit reën nie, is daar van die beste grond in die wêreld, en altyd baie rivierwater.

Wat kan ’n mens doen met goeie grond en soveel water as wat jy wil hê? Jy kan boer! Jy kan koring en kos plant in hierdie goeie grond en altyd alles lekker watergee uit ’n rivier wat nooit ophou vloei nie. En dit terwyl die son altyd skyn! Egipteland se Nylrivier maak dit die vrugbaarste land in die Bybelse tyd.

**3. Egipteland, die magtige sterk land**

Die ander Bybelse lande was ook droë woestynlande, waar dit min gereën het en waar daar nooit baie kos was nie. Wat dink julle sal gebeur as daar net een land is wat altyd baie kos het – te veel om self op te gebruik – en ander lande het nie genoeg kos nie, want hulle het nie ’n rivier wat nooit opdroog nie? Hulle moet altyd kos gaan koop by Egipteland.

Hulle kry swaar en sukkel, terwyl die mense in Egipte altyd net meer en meer geld kry, en al hoe groter en sterker word. Die Nylrivier het van Egipteland die magtigste land gemaak tussen al die droë woestynlande van die Bybelse tyd.

Wie het Egipteland so sterk en magtige land gemaak? Dit is die Here. Hy het die hemele en aarde gemaak. Hy het die Nylrivier gemaak en Hy het Egipteland die enigste land met baie water en goeie grond gemaak, tussen al die ander lande wat amper nooit reën kry nie. Die Here het Egipteland met water, goeie landbougrond en lekker warm somerdae sonder peste en siektes gemaak, wat mens kry in lande waar dit baie nat is.

**4. Die koning van Egipte, en al die Egiptenare, glo hy is ’n god**

Die man wat Egipteland regeer het, was ’n koning wat hulle “Farao” genoem het. Dit is die Egiptiese woord vir “koning”. Raai wat het die mense gemaak met hierdie koning! Hulle het geglo dat dit hý is wat hulle so groot en magtig maak, en nie die krag van die Nylrivier nie. Hulle het gemaak asof hy net so slim, so sterk en so magtig soos God is! Al die krag en rykdom wat die Here vir hulle deur die Nylrivier se water en grond gegee het – het hulle gemaak asof dit koning Farao is wat dit vir hulle gee.

Hulle het gemaak asof dit die Farao is wat so mooi en goed vir hulle sorg. Hulle het geglo die Farao het dieselfde slimheid, mag en krag as God en dat dit hy, die Farao, is wat hulle so sterk en magtig maak.

Wat maak hierdie koning as die Here met hom praat? Kyk wat sê hy in Exodus 5 vers 2: *“[2] Maar die farao het geantwoord: “En wie is die Here nogal dat ek na Hom sal luister om Israel te laat gaan? Ek ken die Here nie, en ek sal Israel nie laat gaan nie!”* Hy voel so groot en magtig dat as die Here vir hom sê wat hy moet doen – dan sê hy God moet hom nie verbeel dat Hy so groot is dat hy, die Farao, moet

luister na Hom nie. Hy voel en dink só baie van homself dat hy vir God sê wat Hý moet doen! God moet luister as die koning praat, net soos al die ander mense na hom moet luister! Dit is hoe groot en magtig die koning dink hy is.

Die krag van die Nylrivier se water en grond maak dat die Farao glo as hý praat, moet God vir hom luister!

**5. Die Farao probeer wys hy is God se baas**

Die Farao het gesien hoe goed sorg die Here vir Sy kinders binne-in Egipteland. Kyk hoe goed het die Here vir Sy kinders gesorg in Egipteland: *"[8] Toe 'n nuwe koning wat nie van Josef geweet het nie, oor Egipte begin heers, [9] het hy vir sy volk gesê: "Besef julle dat die Israeliete nou meer en sterker is as ons?"* Die Here sorg só goed vir sy kinders dat hulle, al bly hulle in 'n vreemde land, tussen vreemde mense wat nie van hulle hou nie, meer en sterker word as die Egiptenare.

Wat maak die Farao kwaad? Dat God só goed vir Sy kinders sorg! Dit wys dat hy, die koning van Egipteland, nie eens vir sy eie land se mense so goed kan sorg as wat God vir Sy kinders sorg nie, al bly hulle in 'n vreemde land tussen vreemde mense. Dit maak hom verskriklik kwaad – want hy glo nie hy moet na God luister nie, hy glo God moet na hóm luister. Nou sien hy God sorg beter vir Sy kinders as wat hy, as koning, vir sy eie mense kan sorg.

Wat besluit hierdie koning, wat gaan hy doen?

Hy besluit hy gaan vir God wys wie is baas! Hy gaan sorg dat dit met die Here se kinders sleg gaan! As hy dit met die Here se kinders kan laat sleg gaan – dan wys dit mos hy is God se baas! Hy wil wys dat God nie vir Sy kinders kan sorg as die groot koning Farao besluit dit sal nie met hulle goed gaan nie.

Die plan wat hy en sy land se mense teen die Here se kinders maak, is om hulle dwangarbeiders en slawe te maak. Wat se ding is dit? 'n Dwangarbeider? 'Dwang' beteken om iemand te dwing om iets te doen wat hy nie wil doen nie. Wat se ding is 'n slaaf? 'n Slaaf is iemand wat vir jou werk sonder dat jy hom betaal vir die werk wat hy doen- jy gee vir hom net genoeg kos en klere om aan die lewe te bly.

Hoe maak die Farao van die Here se kinders slawe? Kyk weer hoe sê die Bybel dit: *"[13] Die Egiptenaars het slawe gemaak van die Israeliete [14] en die lewe vir hulle bitter gemaak deur swaar werk met klei en bakstene en deur allerhande werk in die lande. Hulle moes onder dwang al die slawewerk vir Egipte doen."* Hierdie is nie sommer 'n storie nie, dit is 'n ware verhaal – hulle moes al die stene maak sodat die koning groot dorpe kon bou waarin al die slawe kon bly wat vir hom die groot piramides moes bou.

Weet julle wat is die piramides? Dit is daardie groot driehoekige klipstapels wat hulle in Egipteland opmekaar gepak het – dit is groter as van die grootste geboue in Pretoria en staan tot vandag toe nog daar. Wat doen hulle met hierdie piramides? Dit is die koning se graf! Kyk hoe totaal simpel en verspot is dit! Die koning maak van honderde duisende mense dwangarbeiders en slawe, om vir hom ’n graf so groot soos ’n 30-40-verdieping gebou te bou. Hierdie graf moet wys hy is god! Kyk hoe snaaks is dit! Die dooie koning se graf moet wys hy is God se baas! Die God wat altyd leef!

Dit is sy plan! Hy gaan hulle só moeg maak met werk wat hy hulle dwing om te doen. Hy gaan hulle sy graf laat bou om te wys hy is God se baas. Hy maak hulle slawe. Hy laat hulle hul doodwerk vir al sy simpel planne en verspotte bouwerke – om te wys hy is God se baas – terwyl hy hulle nie vir hulle werk betaal nie.

**6. God sorg vir Sy kinders, al werk hulle hulleself moeg sonder betaling**

Wat gebeur? Kry die Farao dit reg om te keer dat die Here vir Sy kinders sorg deur hulle hulleself moeg te laat werk sonder betaling? Kyk wat wys die Bybel ons: *“12 Maar hoe meer die Israeliete onderdruk is, hoe meer het hulle geword en hoe meer het hulle oor die land versprei, in so ’n mate dat die Egiptenaars baie bang geword het vir hulle.”* Die Here sorg nog steeds, en maak Sy kinders nog steeds sterk – al probeer die Farao hul doodwerk sonder betaling vir sy simpel idees om grafte so groot soos wolkekrabbers te bou.

Hy kan nie wys Hy is God se baas deur Sy kinders te oorwerk sonder betaling nie. Al wil hy! Dit werk nie. God is die Here wat vir Sy koningskinders sorg – al laat ander mense wat dínk hulle kan vir God rondstoot en sê wat hulle wil, Sy kinders baie swaarkry. Hierdie planne om te wys die Here kan nie vir Sy kinders sorg nie – deur hulle te laat swaarkry – werk nie. God sorg nog steeds vir Sy kinders – al maak die grootste en magtigste koning van die wêreld hulle seer.

God sorg beter vir Sy kinders as die koning Farao vir sy mense – al maak die koning van Egipte die Here se kinders dwangarbeiders en slawe.

**7. Dit gebeur ook met ons**

Dink julle dit het net in die Farao se tyd gebeur – dat mense wil wys hulle is God se baas deur Sy kinders dwangarbeiders en slawe te maak?

Kyk wat gebeur met ons vandag! Ons eie regering maak dat jou pa en ma twee of drie keer so hard soos ander mense moet werk, omdat die regering vir mense werk gee sonder dat hulle die werk kan doen. Hulle wil wys hulle is God se baas- hulle sal hulle mag gebruik om hulleself ryk en magtig te maak, sonder om te werk vir hulle geld. Daarom moet ons ma’s en pa’s nou so hard werk. Hulle doen al die mense se werk wat geld kry, al werk hulle nie.

Al werk jy hard op skool en kry jy goeie punte, gaan ons eie regering dit vir jou so moeilik maak as wat hulle kan, sodat jy nie kan geld kry om te studeer nie, en ook nie ’n werk kan kry nie. Só wys hulle hulle is God se baas! Hulle probeer wys hulle kan beter vir lui mense sorg wat nie werk nie – as wat God vir Sy kinders sorg wat hard en goed werk, soos die Here dit wil hê!

Dit is nie net die regering wat so maak nie. Dit is baie besigheidsmense, ook Afrikaanse besigheidsmense, wat só maak: hulle laat mense hulle doodwerk sonder om hulle te betaal vir al die werk wat hulle doen. Hulle weet die jongmense het nie ’n regering wat hulle sal beskerm as hulle slawe en dwangarbeiders van hulle eie mense maak nie. Dit maak hulle verskriklik ryk en magtig. Hulle laat mense só werk – omdat hulle wil wys hulle is God se baas! Hulle laat mense elke dag tot laat werk – sewe dae ’n week, sonder dat hulle saam met die ander kinders van die Here kerk toe kan gaan – aanmekaar – want hulle dink so: “En wie is die Here nogal dat ek na Hom moet luister?”

Het die Farao se plan gewerk om die Here se kinders slawe en dwangarbeiders te maak? Het dit gewys die Here kan nie vir Sy kinders sorg nie? Nee – die Here is die Leeu vir die wêreld en die Lam vir Sy kinders. Hy sorg vir Sy kinders – al maak mense Sy kinders slawe en dwangarbeiders.

Volgende keer kyk ons verder hoe die Farao nie na God wil luister nie, en wil wys hy is God se baas, en wat doen God met hóm en hoe sorg die Here vir Sy kinders.

**8. Opdrag**

Gaan vertel vir enige grootmens wat die Farao met die Here se kinders gedoen het om te wys hy is God se baas. Vra hulle of hulle dink dit kan vandag nog steeds só werk dat ons regering en besighede van ons slawe maak om te wys hulle is God se baas.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

____________________________________

Handtekening: ouer of voog